

Tot 1935 was mnr. J. Martin Phillips hoof van die *C.J.H.* om in die loop van die jaar deur mnr. Alan Cecil Buyskes opgevolg te word.

### 1. Mnr. J. Martin Phillips, M.A.

Onder die opskrif *A Man of the Moment* is in die *Pretoria News* van 27.6.1935 o.m. verklaar dat mnr. Phillips in Junie 1875 in Ayr (Skotland) gebore is, sy opleiding aan die Universiteit van Glasgow ontvang en sy onderwysloopbaan in die stad begin het en o.m. prinsipaal van die *Cobbinshaw School* was. In 1903 het hy as prinsipaal op Soutpansdrif begin om in 1904 hoof van die *Mayville School* in Pretoria te word. In 1909 het sy benoeming as hoof van die *Gezina School* gevolg. Van 1919-1930 was mnr. Phillips hoof van die *Gymnasium School* en in 1931 het hy sy werksaamhede in dieselfde hoedanighede aan die *C.J.H.* voortgesit.

Nie alleen was hy 'n uitstekende pedagoog nie, maar terselfdertyd het hy belang gestel in sport. Hiervan getuig sy voorsitterskap van die *Pretoria District Football Association* (1915-1933), die feit dat hy in 1927 vise-president van die *Transvaal Football Association* was en die onderskeiding wat hom te beurt geval het om in 1933 as president van die *South African Football Association aangewys* te word. Vermelding verdien ook die feit dat hy 'n tydlang voorsitter van die *Caledonian Society* (Pretoria, 1925-1926) was en mede-stigter van die *Sunnyside Club* was.

### 2. Die eerste bestaansjaar van die C.J.H.

Op 28 Julie 1931, aldus die oudste aantekening in 'n skooljoernaal van die *C.J.H.*, het die nuwe hoof, saam met Dorothea Eva (st. 8, gemeng), Rosaletta J. Fraser (7a, dogters), Ethel Louisa McGillivray (7b, dogters), Alan C. Buyskes (7c, seuns), Daniel G. Coetzee (7d, seuns), Alice Meltzer (6a, dogters), Georg F. Wilkinson (6b, gemeng), Arthur L. Baker (6c, seuns), Miriam H. Hirskovitz (5a, dogters), Edith West (5b, dogters), Jan L. Zonneveld (5c, seuns), David J. Morris (5d, seuns) en Willem du Plessis (Afrikaans), as assistente en 354 leerlinge met hul werksaamhede in die Staatsmodelskoolgebou begin.

Die leerlinge was afkomstig van die *Gymnasium Intermediate School* (st. 7, st. 8) en die *East Central* en die *Hamilton School* (st. 5, st. 6).

Sowel die prinsipaal as sy assistente wat st. 8, st. 7 (a-d), st. 6 (b-c) en st. 5a waargeneem het, was saam met mnr. Du Plessis, van eersgenoemde skool afkomstig. Die dames Meltzer en West was, eweas mnr. Morris, voorheen aan die *Hamilton School* werksaam, terwyl mnr. Zonneveld aan die *East Central* verbind was.

In die loop van 1931 het die aantal leerlinge ietwat toegeneem, terwyl die volgende besonderhede uit die skooljoernaal oorgeneem is:

28. 8.1931 — Boksklas begin met mnr. Baker as instrukteur.

10. 9.1931 — Die prinsipaal van die Normaalkollege en ds. Coetzee besoek studente wat proefonderwys gee.
29. 9.1931 — Bokswedstryde gehou ten bate van die skoolfonds.
- 12.10.1931 — Berig ontvang dat die skool van nou af bekend staan as die *Central Junior High School*.
- 25.10.1931 — Twee klaskamers aangewys vir die *Primary School Certificate Examination*.
- 17 en 18.11.1931 — Die toelatingseksamen gehou.
- 24 en 25.11.1931 — Die laerskoolsertifikaat-eksamen gehou.
- 11.12.1931 — Sluiting van die skool.

### 3. Van 1932 — 1934

Op 19 Januarie 1932 het die *C.J.H.* heropen. Tien dae later was daar 426 leerlinge en op 11 Maart 441. In Junie het daar 'n griepiepidemie in Pretoria geheers waardeur 50% van die leerlinge verhinder is om die skool te besoek.

Mej. G. Williams, mnr. M. H. Blem en mej. L. Roe het die geleedere van die personeel kom versterk, terwyl die jaarlikse skoordanse op 2 Junie en 5 September 1932 in die Bereesaal gehou is.

By laasgenoemde byeenkoms was die Direkteur van Onderwys, prof. dr. S. P. E. Boshoff, onder die eregaste.

Die gebrek aan 'n personeelkamer is na 6 September 1932 verhelp deurdat die Uitvoerende Komitee op die dag £500 (R1,000) vir 'n personeelkamer en ander verbeterings beskikbaar gestel het. (U.K.B. nr. 3019).

In Oktober het mnr. Colland en mev. Baumann deelydse onderrig in liggaamsoefeninge begin gee.

In 1934 het, aldus die skooljoernaal, die skool met 469 leerlinge begin. Twee klasse was in die skoolsaal ondergebring terwyl mnre. A. Lemmer en R. S. Coldrey asook mejj. M. G. Simpson, F. Massey, E. Savory en T. de Wet as nuwe permanente of tydelike staflede aan die *C.J.H.* begin werk het.

Op 27 April was die leerlinggetal 443, op 11 Junie is 'n skoolkonsert in die saal gehou en op 24 Augustus 1934 het die hoof mismoedig in sy joernaal geskrywe: *Attendance bad. There is no attendance officer, School Board can do nothing.*

Op 10 September is daar 'n skoordans gehou. Ongeveer 'n maand later het die hoof siekverlof ontvang en het mnr. Buyskes as waarnemende hooftoggetree.

In Oktober het inspekteur Kloppers die Junior-matrikulante in hulle kennis van Afrikaans getoets en op 10 Oktober het die Provinsiale Sekretaris die Sekretaris van Lande versoek om die twee skoolerwe (617, 618)

nie meer voor te behou vir openbare doeleindes nie, maar uitsluitend vir onderwysdoeleindes. Hierdie verandering wat in 1935 van krag geword het, was gebaseer op Art. 14 en 12 van die *Crown Land Disposal Ordinance* van 1903.<sup>1</sup>

#### 4. Die laaste dienstermyn van mnr. Phillips.

Op 16 Januarie 1935 het die *C.J.H.*, met die hoof weer op sy pos, met 308 leerlinge heropen.

Op 5 en 6 April is 'n tweetal toneelstukke deur leerlinge in die skoolsaal opgevoer en op 6 Mei het die personeel en die leerlinge 'n vakansiedag ter geleentheid van die silwerjubileum van Koning George V gekry en tien dae later het die Burgemeester van Pretoria, Raadslid Solomon in die skoolsaal prente oorhandig wat deur die stadsraad ter herinnering aan die jubileum aangebied is.

Op 21 Junie is die vyfde jaarlikse skoordans in die Bereasaal gehou en op 28 Junie het, nadat die halfjaarlikse eksamens twee dae vantevore afgesluit is, die wintervakansie aangebreek.

Op dié gedenkwaardige dag het die aftredende prinsipaal in die joernaal aangeteken:

*Today I go on pension and have spent the last day in school.  
Pupils and staff said good-bye and made a beautiful presentation.  
Martin Phillips.*

#### 5. Prinsipaal Buyskes neem oor

Met ingang van 30 Julie 1935 het mnr. Alan C. Buyskes die afgetrede prinsipaal van die *C.J.H.* teen 'n salaris van £590 (R1,180) — £720 (R1,440) opgevolg om met ingang van 1 Januarie 1951, nadat hy sy aftreederdom op 12.5.1950 bereik het, die tuig neer te lê.<sup>2</sup>

Op 2.8.1935 het die skool 314 leerlinge getel (9.8.1935: 332) en op 22.8.1935 het die nuwe hoof aan die Sekretaris van die skoolraad meegedeel dat die skool feitlik nie oor 'n speel- en sportterrein beskik nie en dat sokker-, hokkie- en tennisspanne in verskeie dele van die stadsgebied moet oefen en wedstryde moet speel. Die hoof stel vervolgens voor dat die voormalige skoolraadkantoor op die hoek van Prinsloo- en Skinnerstraat afgebreek en die terrein as sportveld vir die skool gebruik word.<sup>3</sup>

Die skoolraad was, aldus 'n skrywe van 9.9.1935 nie vir dié voorstel te vinde nie en het met die stadsraad in verbinding getree wat Kromdraai, 'n stuk grond oos van die Apiesrivier, aangebied het. Die skoolraad het dié terrein nie as geskik beskou nie en daarmee het dié korrespondensie ten einde geloop.

Na aanleiding van 'n inspeksie wat van 10-13 September 1935 gehou is, is aangaande die skoolgebou bevind dat die ventilasie onbevredigend, die gebou koud en die verligting onvoldoende was. Aanbeveel is dat 'n verwarmingstelsel voor die winter in die gebou aangebring moet word,

terwyl o.m. ook terreinverbetering beklemtoon is.<sup>4</sup>

Op 18 September 1935 is die skoolgebou as 'n stemburo i.v.m. 'n provinsiale tussenverkiesing gebruik, terwyl op 29 Oktober van dieselfde jaar die skoolraad toestemming aan die *St. John's Ambulance Brigade* verleen om die skoolsaal vir oefeninge te kan gebruik.<sup>5</sup>

In November het die firma Lezard en Kie erf 619 met *Haddon House*, aan die oostekant van die skoolterrein, vir £4,000 (R8,000) aan die skoolraad te koop aangebied, maar die skoolraad het geantwoord dat 'n skoolkoshuis vir *C.J.H.* nie oorweeg word nie en dat dit te duur sou wees om dié terrein as 'n speelplek te gebruik.<sup>6</sup>

Op 6 Desember 1935 het mnr. Buyskes verklaar dat die huidige elektriese stelsel van die skool verouder was en dikwels nie bevredigend werk nie. Hy het op verbetering van die stelsel en die aanbring van meer lampe aangedring en in 1936 het die Transvaalse Provinsiale Administrasie verskeie verbeterings laat aanbring.

Op 11.12.1935 het die prinsipaal die skoolraad versoek om 6 palmbome te verkry, 'n versoek wat deur die skoolraad aanbeveel is.<sup>7</sup>

## 6. Die jaar 1936

Op 20 Januarie 1936 het die C.J.H. heropen met dieselfde hoof en die volgende assistente: - Mnr. D. G. Coetzee (8a), mej. J. McGillivray (7b), mnr. M. H. Blem (7a), mnr. T. R. Barrowman (7b), mej. M. Z. Simpson (7c), mej. Z. K. Parsons (7d), mej. L. Roe (7e), mnr. F. G. Wilkinson (6a), mnr. H. F. Haymann (6b), mej. F. M. Massey (6c), mnr. J. L. Zonneveld (6d), mej. E. Savory (6e), mnr. W. du Plessis (Afrikaans).

Gedurende die vakansie is die skoolgebou geskilder en is 'n nuwe vloer in die gang gelê. Twee dae later, aldus die prinsipaal, was die skool weens die heengaan van koning George V gesluit, terwyl op 12 Februarie 'n vyftal studente gedurende die volgende twee weke i.v.m. proefonderwys aanwesig was en prof. Gerrit Bon 'n week later sy werk hervat het.

Aan die begin van 1936 het die volgende leerlinge in die Juniorsertifikaat-eksamen geslaag: Eerste klas: M. C. Badcock, B. I. J. Hallé, J. J. Pienaar, C. R. Brits, C. A. van Rensburg; tweede klas: M. I. A. Dyason, E. M. A. Ely, D. Friedman, O. F. Hoole, B. Messman, J. C. Panman, S. E. Roux, P. A. Snyman, S. D. du Toit en H. F. Poole. Sestien kandidate het in die derde klas geslaag.

Op die 1e kwartaalstaat 1936 kom 'n totaal van 384 leerlinge (160 seuns, 224 dogters) voor; aan die einde van die 2e kwartaal 'n totaal van 364, aan die einde van die 3e kwartaal 340 en aan die einde van 1936 'n totaal van 333.

Tydens die inspeksie van September is aanbeveel om st. 9 en st. 10 aan die skool toe te voeg. Verder het, aldus die hoof, 15 st. 8-leerlinge versoek om as st. 9-leerlinge verder te gaan aan die C.J.H. Die hoof het hierdie omstandighede genoem in sy pleidooi om die skoolraad te oorreed

om dié aangeleentheid te bespreek. Meer inligting is gevra en verstrekk, maar die Departement was nie bereid om verder op die gedagte in te gaan nie. As redes is genoem die feit dat meer as 500 leerlinge in st. 7 aan die twee Engelsmedium-hoërskole en die C.J.H. begin, dat die helfte van die leerlinge die skool voor st. 9 verlaat en dat die skole geriewe tot st. 8 en twee skole geriewe tot st. 9 verskaf. Aangesien dit as voldoende beskou is, was die Departement nie bereid om die daarstel van st. 9 aan die C.J.H. toe te laat nie.<sup>8</sup>

Terwyl hierdie verwickelinge aan die gang was, het die gewone skoolbedrywighede voortgegaan. Op 19 Junie het die *St. John Ambulance Brigade* 'n konsert in die skoolsaal gehou, op 2 Oktober het mnr. Harold Voss (inspekteur) die vorming van 'n st. 9-klas bespreek en op 13 November het die leerlinge die *Ryksskou* op Johannesburg besoek. Op 12 Desember was die skooljaar verstreke en het die prinsipaal se lang verloff begin.

## 7. Die jaar 1937

Op 18 Januarie 1937 is die C.J.H. met mnr. D. G. Coetzee as waarnemende hoof en met 333 leerlinge, heropen. Op 22 Januarie het die aantal leerlinge op 380 gestaan om 'n week later tot 398 te styg. Hierdie styging het voortgeduur tot die einde van die eerste kwartaal (419). Aan die einde van die daaropvolgende kwartale was daar onderskeidelik 391, 357 en 349 leerlinge, terwyl aan die einde van dieselfde jaar die staf soos volg saamgestel was: Mnr. A. C. Buyskens, W. du Plessis, mej. E. L. McGillivray, mnr. H. F. Hayman, mej. L. W. Thornton, mnr. M. H. Blem, mej. H. I. Malherbe, mej. L. L. Roe, mnr. N. M. Botha (vaste personeel); mej. E. K. Potts, mnr. S. P. S. Barnes en J. Ralstone, mej. F. A. Dümmer, mev. F. M. Bongers, mej. M. W. Cunningham en mej. J. H. McIntosh was, vermoedelik saam met mej. R. M. Boshoff, verantwoordelik vir die onderrig in Huishoudkunde terwyl mnr. G. W. Saunders in die sentrum *Pretoria Bridge* houtwerkonderrig aan 'n aantal leerlinge van die C.J.H. en die Hamilton- en Sunnysideskole gegee het.

— J. Ploeger.

(1) Skoolraad van Pretoria, Argiefleer 1/265 waarin: Prov. Sekr. — Sekr. van Lande, 10.10.1934; Prov. Sekr. — Sekr. Skoolraad, 26.3.1935.

(2) *Ibid.*, lêer 3/12/1, pos E1/34224/1.

(3) *Ibid.*, lêer 1/2bs. Die gebou is beskrywe as Prinsloostraat 345A.

(4) *Ibid.*, lêer 6/12, waarin verslag. Herstelwerk i.v.m. die hout- en ysterheining, verbeterings aan bediendekamers en 'n groter plek vir fietse is ook beklemtoon.

(5) *Ibid.*, lêer 12: lêer 1/2bs. Korrespondensie gedateer 14.8.1935 en 29.10.1935.

(6) *Ibid.*, lêer 1/2bs. *Haddon House* is beskrywe as 'n gebou met 23 kamers. Die toenamlike munisipale waardasie van die erf was £1,000 (R2,000) en van die gebou £4,555 (R9,110). Die terreingrootte was 117' x 220'. Op 4.4.1936 het 'n soortgelyke aanbod deur 'n ander verkoper, nou vir £6,000 (R12,000) gevolg wat ook nie deur die Raad aanvaar is nie.

(7) *Ibid.*, lêer 1/2b5.

(8) *Ibid.*, lêer 12, waarin korrespondensie t.m. 12.2.1937.

# DIE SKOOL VAN LOUIS

## HERINNERINGE VAN

### C. BEELAERTS VAN BLOKLAND

**D**IE sogenaamde „Opleidingskool” van meester Louis was een van die bekendste onderwysinrigtings in Pretoria gedurende die vorige eeu. Wessel Louis, gebore in Nederland in 1845, eers onderwyser in Apeldoorn en toe in Loenen a.d. Vecht, het in 1875 na Suid-Afrika geëmigreer. Hier was hy eers hoof van die goewernementskool in Potchefstroom, 1876-1882, toe hoof van bogenoemde „opleidingskool” in Pretoria, 1883-1892, en daarna dosent in Wiskunde aan die Staatsgimnasium in Pretoria tot 1900. Hierna is hy terug na Nederland en is in 1917 in Nijmegen oorlede.<sup>1)</sup>

Die „Opleidingskool” was eers in ’n gebou op Kerkplein gevestig, waar die Paleis van Justisie tans staan, terwyl die woonhuis van Louis, waar hy ook skoliere en kosgangers ingeneem het, in Kerkstraat-Wes gestaan het, op die terrein waar tans die Pointonsentrum verrys. In 1884 verhuis hy egter met sy skool na ’n perseel op die suidoostelike hoek van Kerk- en Prinsloostraat, teenoor die Markplein wat tans die Strydomplein word. Dit was dieselfde huis en erf wat president Burgers gedurende sy ampstydperk bewoon het. ’n Foto daarvan, met president Burgers en gesin op die stoep is opgeneem in die Eeufees-Album van Pretoria, bladsy 25.

’n Interessante beskrywing van die skool vind ons in die boekie *Transvaal* deur C. Beelaerts van Blokland, wat volgens die skrywer ongeveer 1903 saamgestel is „aan de hand van oude brieven en herinneringen” en in 1941 in druk verskyn het maar nie in die handel gekom het nie. By ’n eksemplaar van bogenoemde boek wat aan wyle D. S. van Warmelo, ’n tydgenoot van die skrywer, behoort het, is op ’n los vel ’n kopie gevind van ’n eiehandige tekening wat die skrywer van die geboue en die terrein gemaak het. Dit word hierby afgedruk.

Die skrywer, C. Beelaerts van Blokland, was ’n seun van jhr. mr. G. J. Th. Beelaerts van Blokland, minister-resident of gesant van die Suid-Afrikaanse Republiek in Nederland. Toe die Transvaalse deputasie van 1883/84 in Europa was het jhr. Beelaerts van Blokland hulle bygestaan in hulle onderhandelinge met die Britse regering en ook in ander verband. Die deputasie het bestaan uit president Paul Kruger, generaal Nicolaas Smit en ds. S. J. du Toit, destyds superintendent van onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek. Saam met die deputasie het dan teruggekeer die jong seun

<sup>1)</sup> J. Ploeger, onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S. J. du Toit en dr. N. Mansvelt (1881-1900), Argiefjaarboek 1952, deel I, p. 55.

van die familie, skrywer van genoemde boek, om in Pretoria op kosskool te kom. Hy het hom merkwaardig goed aangepas en na sy boek geoordeel 'n besonder genoeglike drie jaar, 1884-1887, in Pretoria deurgebring. Op 28 Julie 1884 neem hy sy intrek in die kosskool van Louis, wat toe nog in Kerkstraat-Wes geleë was. Daar was toe sowat tien seuns wat in die kosskool loseer het, o.a. Nicolaas Smit, oudste seun van die generaal, Koos Schoeman, Tonie en Johannes Kock, seuns van die landdros van Potchefstroom, August Jansen, seun van die landdros van Lydenburg, twee seuns van ds. N. J. van Warmelo van Heidelberg, Flip Watermeyer en 'n seun van Louis self.

Die skool op Kerkplein het bestaan uit een groot kamer met „vier kale wande, eenige ramene en een deur”. Dit het volgens hom voorheen onder andere diens gedoen as volksraadsaal en ook as perdestal. In 1884 is daarin ook kerk gehou aangesien die kerk op Kerkplein nog in aanbou was.

Intussen het Louis die reeds gemelde terrein op die hoek van Kerkstraat en Markplein gekoop. Dit het bestaan uit vier erwe met woonhuis, koets-huis en stal en 'n pragtige tuin met baie vrugtebome. Op die sketstekening word aangegee welke lokale vir wat gebruik is. 'n Roosheining het blykbaar drie sye van die terrein ingesluit, wat destyds tradisioneel vir Pretoria was, terwyl 'n granaat- en 'n vyelaning en 'n druiwepriël nie ontbreek het nie. Water is uit 'n voor gekeer wat met Prinsloostraat afgekom het. Die wonhuis het op die hoek gestaan met die front na Kerkplein. Die ruim koetshuis het gedien as skoollokaal terwyl dikwels ook onder 'n groot wilgerboom skoolgehou is. Die boom word ook op die skets aangemerk. Die verhuising na die nuwe skoolterrein het gedurende Desember 1884 plaasgevind.

Skoolure was van 9 tot 12 en van 1 tot 3. Sy lesrooster het soos volg daaruit gesien:

„Maandag: Rekenen, Meetkunde, Algebra, Globe en Alg. Geschiedenis.


Dinsdag: Engelsch, Nederlandsch, Fransch, Latijn en Geschiedenis der Kaapkolonie.

Woensdag: Rekenen, Meetkunde, Algebra, Engelsch en Aardrijkskunde.

Donderdag: Rekenen, Engelsch, Fransch, Latijn en Werkwoorden.

Vrydag: Engelsch, Nederlandsch, Nat. Historie, Aardrijkskunde en Ned. Geschiedenis”.




Vir meester Louis het hulle 'n groot eerbied gehad. „Hij kwam naar school op swarte schoenklompen, een zwart fluweelen kalotje op het hoofd en gewapend met een flinke kirie . . . ” Hy het vier kinders gehad: Tonie, „die wel tot de speelschen maar niet tot de vlugsten behoorde”, en drie dogters, Cato, Geziena en Anna, waarvan laasgenoemde nog nie op skool



10 9 8 7  
 4  
 10 5 1  
 2 7 6 1 2  
 11  
 12

10 9 8 7  
 4  
 10 5 1  
 2 7 6 1 2  
 11  
 12

10 9 8 7  
 4  
 10 5 1  
 2 7 6 1 2  
 11  
 12





was nie en die ander twee eers saam met die seuns les ontvang het en toe op die meisieskool van „Miss van Pommern” tereg gekom het. Mev. Louis het die hele huishouding waargeneem met behulp van 'n Bantoebediende wat die naam Papellel gedra het.

Hulle voedsel het bestaan uit bruin brood „met zemelen en een tikje aan den zure kant” met botter gedurende die somer en „golden syrup” gedurende die winter. Die middagmaal het altyd met dik sop begin en verder uit taai beesvleis bestaan — „op Pretoria werden bijna uitsluitend oude trekossen geslacht, die niet goed meer konden”. Weens die slangevaar was daar 'n menigte katte wat gedurende die maaltye onder die tafel tersluiks ontvang het wat die kosgangers nie kans voor gesien het nie. Voor en na ete is daar in Hollands en Engels gebid — elkeen het 'n beurt gekry — en na die seun van kaptein Dahl van Klipdam bygekom het, selfs in Deens.

In tye van droogte moes die seuns elke middag met paraffienblikke die paa geplante bome en plante natgooi. Vir die doel is die watervoor dan opgedam. In die tuin was selfs 'n swembad wat ook deur die watervoor gevul is en ook op die tekening aangedui word. Dit was „een rechthoekig diep gat met gemetselde wanden en een muurtjie er om heen”. Hulle het slegs 'n enkele keer daarin geswem aangesien die „waterverversching” nie goed gewerk het nie. Liewer het hulle in die Apiesrivier geswem, in „Meintjes se gat” vlak bo Meintjes se drif, ongeveer waar die huidige Leeubrug is. S. J. Meintjes wat daar naby gewoon het, was volgens hom 'n advokaat, „flink swaarlijvig” wat elke oggend „op een ouden schimmel stapvoets” na kantoor gery het.

Voor en tussen skoolure is verskillende spelsoorte beoefen. Rugby-voetbal was veral in trek, „hetgeen wilder is dan wat men hier in Nederland



*Sketsplan en tekeninge van die skool van Louis, geteken deur C. Beelaerts van Blokland, 1941.*

*Die byskrifte lees soos volg.*

*Links bo: Plattegrond der 4 erven met woning en koetshuis hoek Kerk- en Prinsloostraat, begin 1885 betrokken door den heer Louis. Begin zeventiger jaren bewoond door President Burgers.*

*1 ontvangkamer, 2 studeerkamer, 3 gang, 4 kombuis, 5 eetkamer, 6 dispens, 7, 8, 9, 10: slaapkamer, veranda, 12 groote school (vroeger koetshuis), 13 kleine school (vroeger paardestal), 14 timmerkamer, 15 slaapkamer, 16 zekere plaats (blykbaar latrine), 17 zwembad, 18 groote wilgenboom, 19 eucalyptusboomen. granateneh, rozenheg, vijgenheg. (Die syfers het betrekking op al vier die afbeeldings).*

*Regs bo: Achterzijde woonhuis. kombuis, ? , druiven, granaat, Kerkstraat.*

*Links onder: Voorzijde woonhuis Marktplein.*

*Regs onder: C.B. van B. 1941. Oorspronkelyk skoolgebou. In 1887/8 verrees hier die nuwe skool.*

na mijn terugkomst speelde, omdat men ook de handen mag gebruiken en met den bal weglopen". Die markplein voor die skool was nie baie geskik vir die spel nie omdat daar 'n aantal doringbossies gestaan het waarin die bal gewoonlik 'n lek opgedoen het. Na skooltyd het hulle ook soms gaan kyk hoe die volwassenes voetbal speel op die plein waar later Burgerspark aangelê is.

Op 'n dag in November 1885 het hulle studeerkamer, 'n hoekkamer van die woonhuis, sonder waarskuwing ineengestort, gelukkig terwyl almal buite onder die wilgeboom les gehad het. Versigtig het elkeen sy boeke en ander besittinge onder die puin gaan uitgrawe. Veral gehawend was 'n „mooi planetarium en een groote aardglobe van den heer Louis”.

Gedurende die laaste paar maande van die jaar is gewoonlik hard gewerk vir die eindeksamen wat in die ou skoollokaal op Kerkplein geskryf is. Ergerlik was dit vir die seuns dat hulle dan hulle skoolbanke deur die hele dorp daarheen moes dra. Die eksamens was openbaar en verskeie belangstellendes het gewoonlik kom kyk hoe dit gaan, o.a. ds. S. J. du Toit, hoofregter J. G. Kotze, ds. Postma en dr. Fokkens. As gevolg van die Paardekraalfees het die prysuitdeling na die vakansie plaasgevind. „Ik kwam er nogal gelukkig af, n.l. met den tweeden prijs voor het gehele jaar in de eerste klasse en dan voor het examen een prijs voor rekenen, een voor Fransch en een voor Geschiedenis van Zuid-Afrika”.

Na die vakansie, d.w.s. begin 1887, het die aantal kosgangers aangegroei tot agtien. Van almal wat daar op skool was herinner hy hom die volgende:

Alexander van Breda, Jan Celliers (die latere digter), Koos Schoeman, Niklaas Smit, Barend Smit, Aug. Jansen, Antonie F. Kock, Johannes H. M. Kock, Jopie Jorissen, Wholley Buskes, Osborne Lean, Corrie R. Weavind, Frans Bodenstein, George H. Weavind, Andries Begeman, Koos Begeman, Rudolf Opperman, Piet van Heerden, Flip Watermeyer, Tjaard Kruger, Steenkamp, J. W. de Jager, Van Niekerk, Izak Meyer, Hans Spies, Lood Spies, Frans Wolmarans, Frikkie Wolmarans, Claudius de Vries, Zacharias de Beer, Jan Joubert, Sarel Eloff, Dietlof S. van Warmelo, Willem van Warmelo, Ant. Louis, D. P. Pretorius, Secundus de Villiers, Frikkie Kleyn, Danie Kleyn, Izak J. P. Kleyn, Izak Celliers, H. J. M. Hamman, Piet G. W. Kruger, Nico of Nimrod Smit, Vivian Otto, J. S. Smit, Franken, N. J. Pretorius, G. F. Mijnhardt, Piet Erasmus, J. Abel Erasmus, J. A. de Ridder, E. Mundt, E. de Souza, Koos Wolmarans.

Baie van die name herinner aan vooraanstaande families van die ou Republiek en verskeie van die persone het later bekende figure geword.

In Mei 1887 keer die skrywer terug na Nederland. Tot op Kimberley word per ossewa gereis en vandaar per trein na Kaapstad.

F. J. du T. Spies.

# ONE DAY

in the

## THE HISTORY OF PRETORIA

Below are given a few extracts from books on the Anglo Boer War written by journalists and officers who were present when Lord Roberts' army took possession of Pretoria on June, 5th, 1900. Of course it is almost impossible to isolate the history of one specific day, because it is always bound up with what happened before and afterwards. To the writers quoted below, that day was important because they saw it as the fulfilment of that long march over hundreds of miles to Pretoria, and because of their expectation that it would mean the end of the war. Marching to Pretoria — Who wrote that song? In the books dealing with Lord Roberts' march I could up to now find no reference to it. Is it possible that the one who wrote it never saw Pretoria and that those who sang it, never marched to Pretoria?

Be it as it may, the excerpts below are interesting on account of the information they give us, but more so for the insight they almost unwittingly give us into the atmosphere prevailing in Pretoria on that day. They also reveal the mentality of the writers themselves. It is easy to comment on their shortsightedness, their one-sidedness, and their gloating at the cost of the Boers. But that is rather beside the point. What we want is to look through the eyes of those who were present on that day in Pretoria, June 5th, 1900. Thus we have the opportunity of looking at the same scene again and again, every time perhaps discovering a new facet of it. However it is but a one-sided picture; not only because they are all British writers, but also because they were unable to give, perhaps unaware of the real inner history of that day. The quintessence of history, after all, is so elusive that it is only given to the really great historian to reveal something of it.

Let us start with Churchill. Returning with the victorious British army to the city from which he had escaped as a prisoner of war, he gave the following description of the day in his book *Ian Hamilton's march* (London, 1900), pp. 291 — 296:

“As soon as the light allowed the army moved forward. The guards were directed on the railway station. Ian Hamilton's force swept round the western side. Wishing to enter among the first of the victorious troops the